
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*




*In die party-politiek word koukusse gehou en geknoei.*

*In die Ossewa-brandwag word studielaers gehou en gewerk.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 4 NOVEMBER 1942. No. 52.

# „Ek Kla die Regering aan as Oorsaak Van die Wetteloosheid in Ons Land"

**„Ek kla die Regering aan as die element wat verantwoordelik is vir die ondermyning van die agting vir wet en gesag in hierdie land," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verlede Donderdagaand op 'n groot vergadering in die stadsaal van Ceres verklaar. Dr. Van Rensburg het met voorbeelde aangetoon hoe die Ossewabrandwag nog steeds blyke gegee het van verantwoordelikheid, maar daarteenoor het die Regering 'n voorbeeld gestel van minagting vir die landswette, en as daar vandag 'n toenemende mate van wetteloosheid heers ,moet die skuld daarom in die eerste plaas by die Regering gesoek word.**

Ten aanvang het dr. Van Rensburg na die feit verwys dat in ons tyd geen groot Afrikanerleier gehuldig kan word nie omdat hy altyd die leier van een of ander party is, en dus deur 'n deel van die volk wat aan ander partye behoort verwerp word. Vroeër was dit nie die geval nie, maar alle leiers van vandag het slagoffers geword van die partystelsel. Genl. Hertzog en dr. Malan en ander leiers mag slagoffers geword het van hierdie stelsel, maar hierdie partystelsel gaan die slagoffer word van die Ossewabrandwag, het hy onder toejuiging verklaar.

Op 4 September het die Regering nie net oorlog verklaar aan Duitsland en ander lande nie, maar ook aan die Afrikanerdom, en kol. Reitz het gedreig om ons na die oorlog toe te ploeg. Vandag is daar vreemde offisiere wat dit gesonder in die Suide as in die Noorde vind wat verklaar dat die vyfdekolonners, d.w.s. die Afrikaners, teen die muur gesit moet word. Daar word gekla oor 'n toenemende gees van wetteloosheid in die land. Die Afrikaner is egter bekend as 'n buitengewoon ordeliewende volk en as daar oor wetteloosheid aan sy kant gekla word, moet daar iets groots verkeerd wees.

In die afgelope agtien maande het die Ossewabrandwag reeds by twee uitstaande gevalle wetteloosheid voorkom. Die eerste was tydens die soldate-onluste in Johannesburg toe dertigduisend brandwagte op Springs saamgetrek was en onder die grootste uittarting hulle aan die gesag van hul leiers onderwerp het en sodoende bloedvergieting voorkom het. Die tweede was toe die Regering 'n verbod geplaas het op die lidmaatskap van staatsamptenare. Die publiek het destyds nie geweet hoe naby hierdie stap aan ernstige moeilikheid gegrens het nie. Die O.B.-leiding het hierdie mense eervolle ontslag gegee, d.w.s. 'n streep deur hul name getrek maar nie deur hul harte nie, en sodoende is die onluste voorkom. Dit is egter geen bewys dat ons bang is nie, het die K.G. verklaar.

**Die Regering egter het van die begin van sy oorlogsverklaring die landswette opsy geskuif en met noodregulasies regeer.** Mense is sonder verhoor opgesluit, die doodstraf is per noodregulasie uitgebrei tot misdade wat voorheen met 'n boete gestraf kon word en in sommige gevalle het die regter geen keuse as die doodstraf nie. Selfs as 'n naturel 'n blanke vrou aanrand, kan die regter kies of hy hom tronkstraf of doodstraf gaan gee. Maar blykbaar heg die Regering meer waarde aan Sy Majesteit se telegraafpale as aan die eer van die blanke vrou.

## Skrikaanjaging

Die Regering is op soek na vyfdekolonners en telkens hoor hulle een of ander onbekende vliegtuig oor Durban. **Die volk wil egter nie misdade pleeg nie en gevolglik kry die Regering geen bewyse vir sy skrikaanjaging nie. Nou word misdade uitgelok deur middel van lokvinke.** So is ds. Vorster vandag in die tronk as gevolg van die optrede van lokvinke wat hom doelbewus in die moeilikheid gebring het. **Op hierdie wyse word die wet deur die Regering self ondermyn en dan verwag hy dat dit voortdurend van die ander kant gehandhaaf sal word.** Die gevaar bestaan vandag dat daar dwarsdeur die land minagting vir die wet ontstaan.

Die Regering het ook met sy interneringsbeleid die wet ondermyn, want onskuldige Afrikaners is geïnterneer en later moes hulle weer losgelaat word, soos in die geval van dr. Arndt waar die Regering self erken het dat hy moontlik 'n fout begaan het. Mnr. Stephen Eyssen wat onlangs weer uit die kamp losgelaat is, mag egter nie na sy dorp terugkeer nie en hy is selfs belet om in die kerk te sing. So word persoonlike regte vertrap.

**As mense weens misdade in die hof kom, kan hulle maar net Kroongetuie word en sê dat hulle dit in belang van die Ossewabrandwag gedoen het, dan is die Regering tevrede en betoon hy genade aan hulle.** Toe so 'n Kroongetuie wat saamgespeel het met sy maats onlangs getuienis afgelê het, het die magistraat sy mening oor hom uitgespreek en geweier om hom los te laat omdat hy hom ewe skuldig beskou. **Kort daarna het die Regering die magistraat van die regbank verwyder en 'n ander in sy plek aangestel terwyl die saak nog voortduur.** Spr. sien daarin 'n uiters sinistere betekenis sover dit die Regering betref, hoewel hy niks teen die nuwe magistraat het nie. In 'n onlangse saak het die regter hom besonder skerp uitgelaat oor twee Kroongetuies. Hy het gesê dat hy nie woorde het om sy minagting vir hulle uit te spreek nie.

Die behandeling in die tronke van Afrikaners is erger as dié van kaffers.

Dr. Van Rensburg het ook verwys na die geval op Nelspruit waar 'n beskuldigde oorreed is om skuldig te pleit dan sal sy straf lig wees. Die betrokke persoon het skuldig gepleit, maar toe die misdaad van draadknippery aan hom voorgelees word, het hy ontken dat hy dit gedoen het. **Die staatsaanklaer het toe opgespring en gesê die man breek sy ooreenkoms! Die beskuldigde se prokureur het toe verduidelik dat sy kliënt ooreengekom het om skuld te erken, maar nie om meineed te pleeg deur 'n misdaad te erken wat hy nie gepleeg het nie. Dit is hoe die wet toegepas word.** Daarom hou spr. die Regering en veral die Departemente van Justisie en Binnelandse Sake verantwoordelik vir die minagting wat daar vir die wet ontstaan.

## Beker Word Vol

Wat die Ossewabrandwag betref, word gevoel dat die beker besig is om vol te loop as gevolg van hierdie soort optrede. Ons sien ons volksheil net in die ondergang van die Empire en in die verwydering van alles wat daaraan herinner. **Ons sal ons met elke moontlike middel verset teen die poging om die dollar-imperialisme hier in te voer. Of die oorlog nog een jaar of wel nog twintig jaar duur, in Suid-Afrika sal die Ossewabrandwag hom enduit spook, en ons weet ons veg vir die idee wat aan die wenkant is, naamlik vir 'n lewensekonomie teen die geldekonomie. Ons veg vir alles wat goed is in die Afrikanerdom en ons is nie begaan oor die Union Jack of gouddiwidende of geheime senders nie, maar net oor die Afrikanerdom.**

**Ons gaan die stryd uitstry in die gees van die soldaat, al is dit 'n ontwapende soldaat — altans voorlopig ontwapen. Innerlik is ons klaar met Engeland, die kapitalisme en die demokrasie. Indien daar minder eerbied vir die wet geopenbaar word, wil spr. die Regering aan-**

(Vervolg op bls. 2, kol. 1)



## VOORTREKKERS HERBEGRAWE OP OHRIGSTAD

Die Ohrigstad-kommando het op Heldedag die voorreg gehad om deel te neem aan die herbegrafnis van Voortrekkers uit daardie omgewing. In 1850 het Hendrik Potgieter met 'n aantal van sy mense 'n nuwe nedersetting in die omgewing van die huidige Ohrigstad gestig, maar die onderneming moes later opgegee word as gevolg van die koors wat talle lewens geëis het. Die grafte word dwarsdeur die distrik aangetref, en sommige was aan groot verwaarlosing onderworpe. Die kerkraad van die N.G. Kerk onder leiding van ds. J. F. H. Kriel het toe in samewerking met die Sentrale en Lydenburgse Burgergraftekomitee besluit om die oorblyfsels van hierdie Voortrekkers op Heldedag in 'n gemeenskaplike graf te herbegrawe. Prof. Pellissier van Pretoria, mnr. A. P. van der Merwe van Belfast en die Administrateur van Transvaal, genl. J. J. Pienaar, het by die geleentheid opgetree. Die monument op die graf is onthul deur mev. Schoeman van Lydenburg, kleindogter van wyle J. J. Burger, in lewe staatsekretaris van die Republiek Natal en later van Ohrigstad.

Hiermee is 'n daad van piëteit verrig en 'n blywende rusplek aan 'n dappere voorgeslag wat op tragiese wyse hul einde gevind het, verseker.

## EK KLA DIE REGERING AAN . . .

(Vervolg van bls. 1)

**kla as die verantwoordelike daarvoor. Van ons kant sal ons nie kla oor die oorwinning wat die Empire behaal oor 'n Elsabe Nel of enkele Afriner wat hy gevangeneem en in die tronk stop nie. Ons besef hoe harder die onderdrukking deste groter die krag van die reaksie en dan weet ons dat die reaksie ons land gaan skoon veeg van die euwels.**

## O.B. OP JAGERSFONTEIN VIER HELDEDAG

Nadat tevergeefs gewag was op een of ander Afrikaanse organisasie om leiding te neem in verband met die Heldedagviering van 10 Oktober, het die O.B.-vroue- en manskommando's van Jagersfontein, onder baie moeilike omstandighede en sonder ondersteuning van die H.N.P. wat spesiaal uitgenooi was, die leiding op hulle geneem.

Hoewel die tyd baie beperk was, was die verrigtinge 'n groot sukses danksy die dissipline wat die organisering van alle O.B.-samekomste altyd kenmerk.

Die verrigtinge het by die sportterrein 'n aanvang geneem onder leiding van komdt. O. J. du Toit wat o.a. komdte. mev. Groenewoud en komdt. S. Jacobs van Fauresmith met hul koor welkom geheet en bedank het.


Hierna het die aanwesiges in drieë aangetree en vertrek na die begraafplaas waar kranse gelê is by die monument wat opgerig is ter ere van die gesneuwelde burgers komdt. Visser, komdt. Snyman en komdt. Myburgh. Ook is 'n kransie daar gelê ter ere van wyle administrateur C. T. M. Wilcocks.

Om die monument het vier vroue in O.B.-drag as erewagte opgetree, wat 'n plegtige indruk geskep het.

Ouderling W. H. Boshoff het 'n gebed gedoen. Onderwyl die kranse gelê is, het veldk. J. du Plessis 'n ou Vrystaatse Vierkleur wat uit die Vryheidsoorlog dateer, stadig ontvou. Die koor het nou ,,Slaap rustig dappere helde'' gesing, gevolg deur 'n kort toespraak deur hoofkomdt. J. H. Venter wat saam met die gesneuwelde burgers onder die ou vlag geveg het.

'n Toespraak is ook deur mnr. Gouws van Fauresmith gehou, waarna die verrigtings afgesluit is met die sing van ,,Gedenk''.


KAN U DIT AL SPEEL?



—— *Afrikaanssprekende* ——

**Suid-Afrika het hiervoor gewag!**

Jare lank is daar nou-al geprotesteer teen die uitheemse kaarte........en jare lank smag Jong Suid-Afrika na 'n eg Afrikaanse kaartespel......EN HIER IS DIT NOU—

**Die Ossewa-speelkaarte**

Elke kaart het 'n eg Afrikaanse naam en is selfs in ons Afrikaanse kleure, ROOI, WIT, BLOU en GROEN gedruk!

PRESIDENT, BOER, JUKSKEI, REMSKOEN, ens. is 'n paar van die name wat in die spel gebesig word. Geen koste was te hoog, geen moeite te groot en geen lapwerk is geduld om die kaart daar so mooi en netjies as moontlik te laat uitsien nie.

DIE REëLS EN REGULASIES VERGESEL DIE KAARTE!

*ONTHOU* —————— *Dit sal 'n pragtige Geskenk wees.*

**PRYS 3/6 (4/- Posvry).**

*Bestel van —*

**DIE KAPPIE-BOEKHANDEL**

Posbus 845, DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG. Foon 33-6797.



*Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in.................................

Naam:.................................

Adres.................................

(O.B. 4 Nov. 1942) .................................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG.

Posbus 3512. Foon 22-3512.



**DE KOCKS se GARAGE**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.

*Eienaar: D. D. DE KOCK*

Agente vir Pontiac en G.M Vragmotors

***TOT U DIENS!***

V.M.K. AANBEVEEL.



116 Takke 44,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTEN


*ONDERSTEUN ONS BLAD*

# Schoemanello-Drank

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 6/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142. OUDTSHOORN.


## VERDRAAIDE VERSLAG VAN PROF. DU PLESSIS SE TOESPRAAK

Onderstaande brief is deur prof. L. J. du Plessis aan Die Volksblad geskryf na aanleiding van 'n verslag van sy toespraak op Wesselsbron:

Geagte Redaksie,—Vandag eers het u verslag van my toespraak te Wesselsbron van voorverlede week my bereik. Op 'n paar punte is dit so onjuis dat ek verbetering moet aanbring, met die versoek dat u dit bekend sal stel en ook die aandag van ander nasionale koerante wat u verslag oorgeneem het, daarop sal vestig.

Ten eerste, wat ek van die verkiesing gesê het, het ek uitdruklik verbind aan die voorwaarde dat sake origens so bly soos hulle nou is.

Ten tweede, wat genl. Smuts se Afrika-ekspedisie betref, het ek nie gesê dat hy miskien die regte ding doen nie; **inteendeel, ek het dit uitdruklik ontken.** Ek het wel gesê dat hoewel genl. Smuts daardeur die bestemming van die Afrikanerdom ten opsigte van Afrika kan help verwesenlik — omdat uit die kwade ook goed kan voortkom — die Afrikanerdom tog sy beleid nie as die regte kan aanvaar nie, omdat dit nie gebaseer is op Afrikaanse volkseenheid nie, maar op 'n imperialistiese (en dreigend-kommunistiese) mengelmoeseenheid.

Ten derde, wat dr. Malan betref, **het ek nie gesê dat hy van die teenswoordige leiers die meeste gedoen het vir volkseenheid nie; inteendeel, my betoog was dat sy vashou aan die partystelsel dit ten sterkste teëwerk.** Maar ek het wel op 'n vraag erken dat hy persoonlik die grootste opoffering gedoen het terwille van dié eenheid, met duidelike verwysing na sy afstand van die leierskap in 1939 aan genl. Hertzog.

Die ander onnoukeurighede en die onvolledigheid van u verslag laat ek nou maar daar. **Laat my net toe om daarop te wys dat hierdie verslag 'n bevestiging inhou van die standpunt van die O.B., wat u onlangs so sterk afgekeur het, naamlik dat vrae op openbare vergaderinge slegs aanleiding gee tot misleidende persverslae.** Want almal wat op Wesselsbron die betrokke vergadering bygewoon het, sal kan getuig dat sowel my toespraak as die beantwoording van vrae gerig was op 'n billike stelling van die voor en die teë ten opsigte van elke Afrikanerbeweging, **terwyl u verslag op elke punt net die een kant gee, en dit boonop nog onjuis.**

Ek stuur 'n afskrif van hierdie brief met beleefde versoek op plasing aan Die Transvaler, Die Vaderland en Die O.B. Die vernaamste vraesteller, naamlik mnr. Kleynhans, die plaaslike leier van die H.N.P. of V., sal, dink ek, kan bevestig wat hierbo gesê is.

Hoogagtend Uwe,

L. J. du PLESSIS.

## SMUTS DELG ENGELAND SE VEROWERINGSKULD IN 3 JAAR

**Dit het Engeland iets oor die tweehonderd miljoen pond gekos om die twee Boererepublieke in 1902 na drie jaar te verower.**

**Dit het die Unie in die drie jaar sedert die uitbreek van die huidige oorlog tweehonderd miljoen pond gekos om Engeland se besittings in Noord-Afrika te beskerm.**

**Die geld wat Engeland in die verowering van die Republieke gesteek het, het in drie jaar alleen dus soveel rente gedra dat die Britse veroweringskuld daarmee gedelg is.**


VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £2,300,000*

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

ARBEIDSAAMHEID

Die Volk se Bank.

Hoofkantoor:

VOLKSKAS-gebou,

Sentraalstraat,

PRETORIA



VAN ZYLS

HOOFSTRAAT PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

*Besoek ons Snyersafdeling.*

VERSKEIDENHEID

BAAIBROEKE, SOMERPAKKE EN MANSUITRUSTING.

GROOT VERSKEIDENHEID RAKETTE IN VOORRAAD.

HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE.

SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.

OOK OP — — PORTERVILLE



MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Edms.)

Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.



*£1000 vir u Oë*

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

*DUWAS*

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

Die Voortrekker-Apteek

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT KAAPSTAD, (BUS 2760).

MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (BUS 765).

ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.



G. A. FICHARDT, BPK.

MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon 709 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848


Ondersteun ons Adverteerders

DIE O.B., WOENSDAG, 4 NOV. 1942.

# Die Groot Gevaar

Wanneer die griewe van die ou Boere in die Kaapkolonie teen die Britse owerheid nagegaan word, word bevind dat dit vir 'n groot deel setel in die naturelle- of kleurlingvraagstuk. Dit was nog steeds op hierdie punt dat die Britse juk die swaarste gedruk het. Die Boer met sy Calvinistiese agtergrond en kennis van die gekleurde rasse het 'n duidelike standpunt ingeneem ten opsigte van die nie-blankes wat hemelsbreed van dié van die Britse liberalistiese beleid van gelykstelling verskil het. Die berugte Swarte Ommegang en die doodskiet van Frederik Bezuidenhout staan as duidelike bakens van die Britse baasskap oor en vertrapping van die Afrikanerdom. In ons jongste partypolitieke verlede met sy steeds wisselende partyregerings kon die Britsheid of nasionaalgesindheid van die regering op enige bepaalde tydstip met onfeilbare sekerheid getoets word aan sy naturellebeleid. Ons noem hierdie verskynsel nie met die doel om te bewys dat die huidige bewind deur en deur Brits is nie, want dit het geen bewys nodig nie. Ons wil op die konsekwensies van hierdie Britse beleid wys en met voorbeelde uit die verlede aantoon in watter gevaar ons volk vandag gestort word deur 'n owerheid wat geen die minste bekommernis oor die welvaart van sy onderdane het nie, maar as rigsnoer van sy optrede die oorlogsbelange van die kapitalisme aanvaar het.

Ons het reeds na die doodskiet van Frederik Bezuidenhout verwys. Dit is op las van die Britse owerheid deur gewapende Hottentotte gedoen wat Bezuidenhout in hegtenis moes neem. Die toepassing van die Britse beleid het hier op bloedvergieting uitgeloop en Slagtersnek staan vandag as getuie daarvan.

**Voortrekkers Ontwapen.**

Toe die Voortrekkers later deels juis as gevolg van die Britse naturellebeleid na Natal getrek het, **het die Britse owerheid nie geskroom nie om 'n verbod uit te vaardig op die verkoop van wapens en ammunisie aan die Boere.** Inmiddels is die naturelle egter van skietgoed voorsien en dit was ten spyte van hierdie ontwapening van blankes en bewapening van gekleurdes dat die blanke beskawing by Bloedrivier geseëvier het. Vir die Brit het dit geen saak gemaak of die blanke beskawing in Suid-Afrika vernietig word of voortbestaan nie. Sy bekommernis het slegs gestrek so ver as sy imperiale belange gegaan het, en of dit nou 'n blanke of swarte Empire was, vir die geldmag het dit geen verandering aan die samestelling van die pond gebring nie.

Dti het reeds afdoende geblyk dat die huidige bewind in Suid-Afrika 'n voortsetting van hierdie ou Britse stroming is. **Met behulp van die partystelsel wat toelaat dat 'n vreemde moondheid vir hom 'n vyfdekolonne in 'n ander land oprig, sy dit 'n kommunistiese soos in Spanje of 'n imperialistiese soos hier by ons, het Engeland vandag 'n vaste greep op ons landsbestuur. En dit is in hierdie gees dat die stelselmatige bewapening van die nie-blankes geskied nadat die Boerevolk ontwapen is — net soos in 1838. Dit is in hierdie gees dat ons tans moet merk hoe kleurlingsoldate met wapens in die hand as opsigters van blanke gevangenes aangestel word — net soos in 1815.**

**Die Struikelblok.**

Al wat totsover in die pad van volskaalse bewapening van nie-blankes gestaan het, is Smuts se vrees vir ,,verdere verdeeldheid'' soos hy in 1940 in verband met hierdie saak te kenne gegee het. Die verdeeldheid is egter net vir hom van belang solank hy die skyn van demokrasie moet bewaar in die vorm van een of ander verkiesing. **Maar waar dit nou al duidelik begin word dat daar geen verkiesing meer sal plaasvind nie, kan ons verwag dat hierdie struikelblok vir die Regering sal verdwyn die oomblik wanneer die wet aangeneem is wat die Parlement se lewe verleng.**

As ons verder let hoe in Engeland en die ander Britse Dominiums geleidelik aan die kommunistiese agitasie met betrekking tot beperkings op hul bedrywighede toegegee is, en ons sien hoe die kommuniste in ons land agiteer vir die bewapening van naturelle, kan ons tot geen ander slotsom kom nie as dat die oomblik aangebreek het dat die swarte hordes van Afrika in belang van Engeland se oorlog ingespan gaan word — altans so sal die Britse mentaliteit dit graag aanvaar. **Die werklikheid sal daar egter heelwat anders uitsien, want die swartman veg nie vir die blanke beskawing nie, net so min as wat Rusland veg vir die Christendom en die demokrasie — en tog meen die Britse mentaliteit dat hy so 'n motief by Moskou kan ontdek.**

Dit sal egter nie die eerstemaal wees dat die Brit hom deerlik in sy berekening misgis nie. In Basoetoland en ook Zoeloeland het die Imperialiste 'n beleid gevolg om die naturelle teen die Boererepublieke aan te hits en te bewapen. Dat hierdie wapens later met ontsettende uitwerking teen hulself aangewend is, het nog nie verhoed dat die Brit dit weer 'n keer sal waag nie. Destyds was dit Boere wat hulle tot hulp gesnel het, maar hierdie keer sit die Boere in Egipte of ontwapen.

## GROOT ONTVANGS OP WINBURG VIR KOMDT.-GENERAAL

By geleentheid van 'n vergadering op 7 Oktober te Winburg is die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, ingehaal na die dorp deur 'n groot kommando van 80 perderuiters, aan die punt waarvan die K.G. gery het in geselskap van generaals M. P. Wessels en Gutter. By sy aankoms op die sportterrein is hy deur 'n erewag bestaande uit 50 dames in wit, by die hek ontvang.

Duisend mense het die middag op die tentoonstellingsterrein na die K.G. geluister. Prof. L. J. du Plessis was ongelukkig verhinder om teenwoordig te wees. Ds. G. N. P. Cloete het met gebed geopen.

Met verwysing o.a. na die armblankevraagstuk het dr. Van Rensburg gesê:

,,Verbeel u dat amptelike syfers aantoon 'n skare van 300,000 armblankes, waarvan die grootste meerderheid Afrikaners is, en dan word gedreig op oorlog. Hoe gaan ons hulle help? Want agter hulle groei die skaduwee van die dood. Ons moet nie net praat nie, maar doen en handel. Die staat behoort op die sosiale sy van die saak in te gaan, sy armes te voorsien van behuising en sodoende die sosiale lewe te verbou in 'n gesonde staat van 'n selfstandige en gesonde toekoms. Ons volk is grotendeels ondervoed, en nog het die Regering geld wat hy sinneloos verkwis met oorlog.''

Die K.G. het beklemtoon dat die partystelsel magteloosheid skep. 'n Partypolitieke regering beteken 'n swak regering, vandaar dat hy altyd toegetakel word deur 'n opposisie-party. Dis die geldmag-politiek, en dis uitheems. Waarom was daar vroeër jare nooit 'n opposisie nie? Toe pres. Kruger gekies is as President, was genl. Joubert sy teenstander. **Met die verkiesing toe hy uitval, het hy nie opposisie-party geword nie, maar die Komdt-genl. of Minister van Verdediging.** Die partystelsel is in Engeland gebore en gevolglik na ons toe ingevoer, daarom pas dit ook nie by die Afrikanervolk nie en daarom ook breek dit ons volk van tyd tot tyd.

Die O.B. is geskep onder die leiding van God, want hoe wonderlik word ons nie gelei nie? Altyd weer skram ons verby die kwaad en so word ons voortgelei tot 'n oorwinning, het die K.G. ten slotte verklaar.

## VOLKSBEWEGING DIE WEG NA DIE VOLKSTAAT

(Vervolg van bls. 5)

'n **volk**meewerkende staatsliggaam in die sin van 'n volksraad wat deur die volksbeweging saamgestel word, en (b) 'n **beroeps**meewerkende staatsliggaam, 'n korporatiewe of standeraad, waarin verteenwoordiging verleen word aan die georganiseerde beroepsvertakkings van die volksbeweging. Deur middel van die volksraad en standeraad werk die volkslede as staatsburgers ten nouste saam met die staatsowerheid.

**Die Vrou se Plek in die Volksbeweging**

Die volksbeweging beklemtoon in die eerste plaas die vrou se taak as moeder van die gesin en aangesien die gesin sy besondere pligte teenoor die volk het, sorg die volksbeweging dat die gesin aangespoor, gerig en in die geleentheid gestel word om hierdie pligte teenoor die volk na te kom. As uitbreiding van hierdie taak in die gesinshuishouding rus op die vrou die plig om in medewerking met die man volksdiens te lewer, veral deur volksorgwerk soos die opheffing van gevalle volksgenote, noodhulpdienste, bystand aan hulpbehoewendes en die verdieping van die volkslewe oor die algemeen.

Die intiem-organiese samewerking wat tussen man en vrou in die gesinslewe bestaan moet ook deur hul gemeenskaplike volksdiens tot uiting kom in die volksbeweging. Die volksbeweging maak dus voorsiening vir 'n vroue-vertakking om in hierdie behoefte te voorsien en wel op so 'n wyse dat die nadruk gelê word op die besondere funksies en dienste van die vrou, in organiese wisselwerking met die besondere dienste van die man. Net soos die man en vrou mekaar in die gesinslewe aanvul, vul hulle mekaar in die volkslewe en dus in die volksbeweging aan. Die vrouevertakking kan dus nie 'n afsonderlik-selfstandige organisasie wees nie, maar is 'n onskeibare vertakking van die geheel.

SASBANK
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

Somerjassies
IN SY (uitgevoer)
en
SWAARLINNE,
is baie populêr
*Koop dit by*
Steyns
PAROW
Die Skiereilandse Moderne Afrikaanse Dames-Modiste

VAN VROEG TOT LAAT — ALTYD — U BESTE MAAT — OP SY POS
Patriot TABAK
'N VOORBRAND-PRODUK

# Volksbeweging Die Weg Na Die Volkstaat

(D.L. 3/42)

'n Volksbeweging is nie vir die Afrikanerdom iets nuuts nie. Die Groot Trek het as die eerste georganiseerde volksbeweging van die Afrikanerdom uitgeloop in die stigting van die Boerevolkstaat in die Noorde, bestaande uit die republieke van pres. Kruger en pres. Steyn. Met die onderwerping van die onafhanklike Boererepublieke deur die Britse imperialisme is die uitbouing van die Afrikaanse volksbeweging en volkstaat skielik onderbreek en vervang deur die Brits-liberalistiese partystelsel en parlementarisme. Staatkundige, ekonomiese en maatskaplike verslawing was die erfenis van die Afrikanervolk onder hierdie stelsel.

Toe kom die Eeufeesvierings van 1938 met die spontane volksontwaking. Deur die noue aanraking met sy verlede voel die Afrikanerdom weer sy organiese eenheid, sy eie Christelik-nasionale Lewensbeskouing en sy eie Godgestelde roeping instinkmatig aan en besef hy weer die onderlinge gemeenskapspligte van Afrikaner teenoor Afrikaner. Ons aanskou die herlewing en hernuwing van die Afrikaanse volksbeweging, wat toe in die Ossewabrandwag vaste vorm aangeneem het en die begin is van die omvattende volksbeweging waardeur die Afrikanerdom as organiese volk al die nasionale en sosiale kragte binne die volkslewe tot 'n kragtige eenheid saamsnoer om as spaneenheid onverbiddelik voort te beweeg na die verwesenliking van die volksideaal, t.w. die vorming en uitbouing van die Christelik-nasionale Republikeinse Volkstaat van die Afrikanerdom, nasionaal en sosiaal van aard.

Gelukking vir die Afrikaner val hierdie herlewing en hernuwing van die Afrikaanse volksbeweging saam met magtige volksbewegings in die buiteland, waar ander volke hulle ook uit die verslawing van die liberalisme en kapitalisme losruk, met die gevolg dat ons volksbeweging daardeur 'n groter stukrag ondervind. Die Rewolusie van die Twintigste Eeu is aan die gang en die volksbeweging is die draer van hierdie omwenteling. Vanweë sy nasionale en sosiale wortels neem die volksbeweging egter in elke land 'n vorm aan in ooreenstemming met die geloof, lewensbeskouing, karakter en roeping van die bepaalde volk. Die saamvloeiing van die organies-nasionale en korporatief-sosiale kragte bly egter altyd die gemeenskaplike kenmerk van alle volksbewegings.

**Herskepping.**

Die Ossewabrandwag het as volksbeweging die draer van die eie Christelik-nasionale lewensbeskouing van die Afrikanerdom geword en in aansluiting by die verjongingsproses wat in alle lewenskragtige volke aan die gang is, ook die vertolker en kampvegter vir 'n algehele staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en ook geestelike vernuwing in Suid-Afrika. Die Ossewabrandwag het onherroepelik gekies **teen** die oue, **vir** die nuwe. Dit beteken 'n totale herbouing van ons volks- en staatsorganisasie van die grond af op (en nie net die uitroeping van 'n republiek en die instelling van 'n sentrale ekonomiese raad nie). Hierdie totale herskepping van ons volk kan nie sonder bloed, trane en opoffering geskied nie. Maar hiertoe het elke brandwag en offisier hom/haar deur 'n eed verbind en hierby staan of val hy/sy. **Daar is geen tussen- of maklike weg nie.**

Die nasionale en sosiale wortels van die Afrikaanse volksbeweging word treffend gesimboliseer deur die woord Ossewabrandwag. Die **ossewa** is vir die Afrikaner die simbool van nasionale vryheid en trots. Dit was die draer van ons blanke beskawing na die binneland, weg van vreemde dwingelandy en onderdrukking en dit was deur donker jare die beskermer van ons volksbestaan. Die ossewa beteken vir die Afrikaner: voortbeweging na die vrye onafhanklike republiek, al gaan dit oor hoë berge of deur diep klowe. **Brandwag** simboliseer weer ons sosiale gesindheid van naasteliefde en diensvaardigheid. Ons leuse is „almal vir elkeen en elkeen vir almal" en „volksbelang gaan voor eiebelang". Ons staan wag vir ons broer, ons volksgenoot en beskerm hom wanneer hy beskerming nodig het.

Vir die volksbeweging bestaan ons volk nie slegs uit 'n mengelmoes van stemgeregtigde kiesers en potensiële kiesers nie maar uit volksgenote wat deur bande van bloed, bodem, taal, kultuur en 'n lotsgemeenskap tot 'n hegte organiese eenheid saamgesnoer word. Dit is die taak van die volksbeweging om die hele volk in sy organiese bestaan en al sy aktiwiteite te omvat en te verteenwoordig en om alle skeppende volkskragte vir die vervulling van die volksroeping te organiseer. **Die hele volk word hiervoor ingespan en nie slegs party-aanhangers wat kans sien om 'n opportunistiese en steeds wisselende partypolitieke program te onderskryf nie.**

**Maak Onderskeid.**

Binne die organiese eenheid van die volksbestaan word natuurlike begaafdhede en funksies en ook ander selfstandige organiese eenhede erken en onderskei. Die een volksgenoot is meer begaafd as boer, die ander as arbeider, nyweraar, predikant, onderwyser, ens. en elkeen het sy eie besondere funksie binne die volksverband, maar almal vorm 'n organiese eenheid omdat elkeen van hulle slegs 'n betekenis binne die volksverband het. Net so het die man, vrou en kind elkeen 'n eie besondere taak in die volkslewe, hoewel hulle binne die gesin een organiese geheel vorm. Daarom maak die volksbeweging voorsiening vir die organisering van elkeen van die besondere funksies, deur 'n vroue-vertakking, 'n jeugfront en verskillende stande-organisasies, soos boereverenigings en verenigings van onderwysers, geneeshere, amptenare ens. **Maar al die vertakkings word binne die volksbeweging tot 'n organiese geheel ineengevleg, sodat die een aanvullend vir die ander optree.**

Die vernaamste middel wat die volksbeweging vir die verwesenliking van ons volksroeping aanwend, is om elke volksgenoot binne die georganiseerde volksbeweging liggaamlik en geestelik te dissiplineer deur nougesette en getroue **diens**verrigting. Diens aan ons volk deur alles te doen wat 'n gesonde volksbestaan kan verseker; diens aan ons vaderlandsbodem deur alles te doen wat dit kan bewaar en verryk vir die geslagte wat na ons kom en diens aan ons God deur niks te doen wat nie tot Sy eer strek nie. Die volksbeweging bied ons die geleentheid om ons lewensbeskouing daagliks deur praktiese volksdiens uit te leef. Met die oog hierop ontvang ons bevele van ons offisiere. Elke opdrag is op gesag van die hoofleiding en is bereken as 'n stap in die rigting van ons roepingsvervulling. Ons plig is nie om te vra waarom? nie, maar om te salueer en te gehoorsaam.

Die volksbeweging word gebou op gesag en verantwoordelikheid. As 'n organiese gesagsordening word die volksbeweging sodanig georganiseer dat uitstaande begaafde persoonlikhede, wat die Afrikaanse volkstrewe suiwer en kragtig verpersoonlik, bestendige en skeppende arbeid in diens van die volksgeheel verrig, volksbelang voor eiebelang stel en onbetwisbare leierseienskappe besit, die natuurlike gesagdraers van die beweging word. Die hoofleier van die volksbeweging is dan ook die hoofgesagdraer. Hierdie gesag word nie deur 'n meganiese meerderheidstem van die lede van die beweging aan hom verleen nie, maar is 'n gesag deur God verleen om die organiese volk tot eer van Sy Naam en ooreenkomstig Sy Wil te orden en te lei. Ons kan dit vergelyk met die gesag van die hoof van die gesin, 'n ander selfstandige organiese skeppingskring. Die kinders stem nie oor wie die gesag in die huis gaan voer nie, maar die gesag van die vader of moeder word deur God verleen.

**Persoonlike Verantwoordelikheid.**

Die hoofleier van die volksbeweging oefen sy gesag uit deur 'n rangorde van leiers wat in regstreekse wisselwerking met eenhede van volksbewuste volgelinge verkeer. Diegene wat gesag dra aanvaar dan ook volle verantwoordelikheid vir hul leiding en as sy/haar leiding faal moet die betrokke leier self daarvoor boet en kan hy/sy dit nie op ander afskuif nie.

Deur die gesag van die leier bo hom/haar te gehoorsaam en die opdragte nougeset uit te voer, bekragtig die volkslid die gesagsleiding en verrig hy/sy daardeur gedissiplineerde volksdiens. **Gelukkig besef ons volk al meer en meer dat as ons seëvierend ons einddoel wil verwesenlik, moet ons gehoorsaam wees aan 'n kragtige eenheidsgesag wat deurgaans op alle terreine van die volkslewe leiding kan gee en wat oral kan ingryp waar dit nodig is om die volkskadelike, ongoddelike en onregmatige uit te skakel, hoewel met eerbiediging van die selfstandigheid van alle volksinstellings wat aan hul doel beantwoord. So 'n eenheidsgesag is geen diktatuur nie omdat dit voortkom uit die volksbeweging waarin dit gedurig gesuiwer word deur die volksoortuiging.**

Die Ossewabrandwag trek as Afrikaanse volksbeweging voort na die skepping en uitbouing van die Christelik-nasionale Republikeinse Volkstaat, nasionaal en sosiaal van aard. In die volkstaat wat deur die volksbeweging gevorm word, word die gesagdraende leiers van die volksbeweging die maghebbende owerheid van die staat, maar maghebbers vanweë hul gesag in die organiese volksgemeenskap. **Daarom word die volkstaat ook gesagstaat genoem. As die owerheid hul gesag in die volksbeweging verloor, verval ook hul mag in die volkstaat.** Volksbeweging en volkstaat is wisselwerkende organisasie van dieselfde volk, elkeen met sy eie besondere wese en taak, aanvullend vir mekaar.

Die volksbeweging is die motor wat die staatsmasjinerie in beweging hou en wat die staat in sy wetgewing en instellings voed vanuit die gehele organiese volkslewe. **Alles wat deur die volksbeweging met welslae in diens van die volk begin word, word deur 'n staatsinstelling vasgelê as dit 'n staatsfunksie behoort te wees, of word deur die staat beskerm en bevorder as dit 'n volksfunksie is.**

Die volkstaat erken van sy kant die georganiseerde volksbeweging as die enigste staatsdraende en staatsbekragtigende volksinstelling. Dit geskied veral deur die erkenning van (a)

(Vervolg op bls. 4, kol. 3)

S. J. KRYNAUW
Algemene Handelaar en Produkte Koper.
Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke
Mans en Dames Skoene
Kruideniersware teen die billikste pryse
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer
H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT, Foon 68 — Posbus 64
BEAUFORT-WES

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, KAAPSTAD.

